**6 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 26:1-32 (NAV)**
**FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 26:29**

## Is ek al soos Paulus?

Paulus is besig om die evangelie aan koning Agrippa te verkondig. Paulus sê selfs dat hy weet dat koning Agrippa die profete glo (vs. 27). Tog antwoord Agrippa (vs. 28): "Jy dink seker jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak." Agrippa kom so naby, maar bly ongelowig, want *amper* is nie goed genoeg nie. Daarom bid Paulus dat almal wat hom hoor, soos hy sal word, dat almal wat hom hoor, tot geloof in Jesus Christus sal kom en dat almal diensknegte van Jesus sal word. Paulus bid dit tot God, want net God kan mense se harte verander, net God kan mense se lewens omkeer en net God kan sy grootste vervolger sy grootste dissipel maak.

Wat is jy vandag? 'n Agrippa, wat amper-glo, wat baie naby is, maar nog nie heeltemal nie? Of 'n Paulus, wat bereid is om vir Jesus te sterf? Wie is daar wat jy ken wat nóg 'n Agrippa is? Wees 'n Paulus en vertel vir hulle van Jesus, wees 'n Paulus en bid vir hulle! Vandag is 6 Augustus. Op hierdie dag in 1945 het die eerste atoombom op Hirosjima in Japan geval. Vir daardie mense het die laaste kans aangebreek. Gryp vandag die geleentheid aan om soos Paulus te word, 'n dienskneg van Jesus Christus. Doen dit deur te vertel, doen dit deur te bid!

*Sing: Skrifberyming 8-1:2* *Dr Wilhelm Leuschner (Wapadrant)*